Newsletter | Nuusbrief 2/2018 22 Januarie 2018

ELEKTRONIESE MENINGSOPNAME
DIE ONDERRIG VAN LEES IN DIE GRONDSLAG-, INTERMEDIêRE- EN SENIOR FASES

Waarom kan graad 4 en 5 leerders nie met begrip lees nie?
Die SAOU is baie bekommerd oor die kwaliteit van leesonderrig in Suid-Afrikaanse skole. Ons wil graag agter die kap van die byl kom en uitvind waarom die 2016 PIRLS verslag (Progress in International Reading Literacy study) bevind het dat 78% van graad 4 en 49% van graad 5 leerders in Suid-Afrika nie met begrip kan lees nie. Wat graad 4 leerders betref, het Suid-Afrika die heel swakste van 50 deelnemende lande regoor die wêreld gevaar. Wat is die rede vir hierdie swak prestasie?

Ons almal weet dat leesvaardigheid die sleutel tot akademiese sukses is. Help asseblief die SAOU om u as taalonderwyser te ondersteun en te bemagtig.

Ons versoek vriendelik dat alle taalonderwysers in die **grondslag-, intermediêre- en senior fase** die elektroniese vraelys sal voltooi. Die uitkoms sal ons in staat stel om 'n akkurate behoeftebepaling te doen van wat die leemtes en uitdagings mag wees en waarop die SAOU moet fokus tydens toekomstige opleidingsgeleenthede wat vir taalonderwysers beplan word.

Die meningsopname sluit binne 2 weke op Maandag, 5 Februarie 2017, om 12:00. Baie dankie vir u bereidheid om deel te neem aan hierdie projek en vir u volgehoue en lojale ondersteuning as SAOU lid.

Kliek hier om die vraelys te voltooi.

Newsletter | Nuusbrief 2/2018 22 January 2018

ELECTRONIC SURVEY
TEACHING READING IN THE FOUNDATION-, INTERMEDIATE- AND SENIOR PHASES

Why are grade 4 and 5 learners not able to read with comprehension?
The SAOU is extremely concerned about the quality of the teaching of reading in South African schools. We would like to get to the root of the problem and establish why the 2016 PIRLS report (Progress in International Reading Literacy Study) found that 78% of grade 4 en 49% of grade 5 learners in South Africa cannot read with comprehension and why South Africa's grade 4 learners came last out of 50 participating countries worldwide. What is the reason for this poor performance?

It is a well-known fact that reading competence is the key to academic success. Please help the SAOU to empower and support you as a language teacher.

We kindly request that all language teachers, who teach in **the foundation-, intermediate-, and senior phase**, complete the electronic survey. The outcome of the survey will enable us to do an accurate needs analysis and assist in establishing the shortcomings and problem areas which will inform our future training sessions for language teachers.

The survey will close within 2 weeks on Monday, 5 February 2017, at 12:00. Thank you for your willingness to participate in this project and for your continued and loyal support as SAOU member.

Click here to complete the survey.